

1 Julie

Lees – Jona1:2

Maak klaar

“Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe” (2)

“Maak klaar!” Dis die woord van God wat tot sy profeet Jona kom. Jona was ‘n Israelitiese profeet wat nou skielik ‘n internasionale reisvisum by God gekry het. Jona moes nou vir sy bure gaan preek, vir die mense van Nineve. Hulle moes hoor dat hulle sondes ten hemele skree. Hulle moes hoor dat God se geduld met hulle opgeraak het. God weet van al die slegte dinge wat hulle aanvang.

Die slegte nuus is dat Jona toe wel klaar gemaak het. Hoekom is dit sleg? Wel, omdat hy klaar gemaak het en na Tarsis toe vertrek het. Nee, nie Nineve toe nie, maar Tarsis toe! Dit was Jona se keuse toe God hom roep. Ja, hy was bereid om die eerste sin van God se boodskap ernstig op te neem: “maak klaar!” maar hy het die inhoud van sy “klaarmakery” toe nie aan God oorgelaat nie, maar aan homself. Soos baie van ons, het Jona sy eie agenda gehad. Hy was bereid om God te volg soos wat dit hom pas. Hy het self die inhoud van sy navolging van God bepaal. Jona sou Hom volg op sy eie voorwaardes, teen sy eie tempo, volgens sy eie voorskrifte en aan die hand van sy eie opinies! Kortom, hy was die oertipe van die “normale godsdienstige mens” van ons dag.

Hoe lyk jou eie navolging van God? Volg jy net op jou eie voorwaardes, of laat jy dit regtig aan God oor? Stap jy gehoorsaam agter die Here aan waarheen Hy jou ook al lei? Wat antwoord jy as God sê: “Maak klaar!”

GEBED: Here Jesus, ek wil klaar maak en U alleen volg

Skriflesing vir vanaand: Jona 1:1-6

2 Julie

Lees – Jona 1:3

Weg van God af, of wat?

“Maar Jona het klaargemaak om na Tarsis toe te vlug, weg van die Here af” (3)

Gister het ons die skokkende reaksie van God se profeet, Jona, gelees toe hy deur God geroep is om na Nineve toe te gaan. Daar en dan het hy besluit om na 'n destinasie van sy eie keuse toe te gaan. Tarsis was sy keuse. Nee, dit was meer as net 'n keuse... Tarsis was Jona se skuilplek. Hy was op pad weg van die Here af. Ondenkbaar! Kan jy dit glo? 'n Profeet van die Allerhoogste aan die vlug van God af. Jona was besig om lynreg weg van sy God af weg te stap. Nee, hy het op die vinnigste denkbare manier probeer weggom van sy roeping af. Jona het 'n boot gehaal en padgegee. In sy dag was dit die vinnigste manier van vervoer. Dis hoe Jona wou weggom, vinnig en effektief. So ver moontlik buite die bereik van sy roeping as moontlik - so ver wou Jona van God se stem af weggom.

Moenie dink dat dit net ander mense elders is wat van God af probeer weghardloop nie. Of dat dit net sondaars of slegte mense is nie. Nee, glad nie. Vat maar vir Jona. Hy was 'n gelowige. Nog meer: hy was een van God se amptelike spreekbuis, 'n profeet van die Allerhoogste. En nou was hy aan die vlug! In ons tyd is dinge nie anders nie. Daar is baie Jonas onder ons. Wie weet, daar is dalk selfs 'n Jona binne ons elkeen. Hoeveel van ons druk nie ons ore met mening toe as God ons roep om iets in sy naam te doen nie. Dalk verstaan jy baie goed waarvan ek praat. Wel, doen dan iets hieraan. Doen die regte ding!

GEBED: Drie-enige God, keer dat ek begin vlug

Skriflesing vir vanaand: Jona 1:1-10

3 Julie

Lees – Jona 1:6

God werk ook tussen ongelowiges

“Staan op en bid tot jou god” (6)

Partykeer werk die Here deur ongelowiges as sy kinders nie wil hoor nie. In Jeremia se dag het die Here aangekondig dat die ongelowige Babiloniese koning, Nebukadnesar, sy kneg is. Later, in Jesaja se tyd, moes die volk weer hoor dat die Persiese koning Darius die nuwe werktuig van die Allerhoogste is. God se knegte is nie altyd gelowiges nie. Wat 'n aanklag teen die Here se mense. Wat 'n skande. Pleks dat gehoorsame kinders van God sy prima werktuie is, het Hy soms geen ander keuse nie as om ongelowiges in sy diens te neem en hulle te gebruik om gelowiges tot skande te maak nie.

In Jona se tyd moes die Here nogeens van 'n ongelowige gebruik maak omdat sy eie dienskneg op AWOL was. Ja, Jona was afwesig van diens af sonder verskoning. Daarom moet die heidense skeepkaptein Jona vermaan om wakker te word waar hy lê en slaap terwyl 'n storm dreig om hulle skip te verwoes. Nog meer, hy moet hom die opdrag gee om te begin bid tot sy God. Hoe verskriklik dat 'n ongelowige 'n bang kneg van God moet kom uitsnuffel en hom oproep om te bid. Pateties, om die minste te sê!

Wat gebeur in jou eie omgewing? Moet die Here ook van ongelowiges gebruik maak omdat al sy knegte, jy inkluis, van diens af is en iewers wegkruip? Of is jy op jou pos, al moet jy vandag iewers 'n laaste loopgraaf vir God beman?

GEBED: Here, hou my op my pos

Skriflesing vir vanaand: Psalm 91

God of kultuur?***“Ek is ‘n Hebreër. Ek dien die Here” (9)***

Toe die manne op die skip as uiteindelik agterkom dat dit oor Jona is dat die storm rondom hulle woed, wou hulle dadelik weet waarom hy in sulke groot moeilikheid is. Jona se antwoord is net so sleg soos sy patetiese vlug na Tarsis toe. Let op wat sê Jona eerste. Nee, hy sê nie dat hy God dien nie. Dit volg tweede. Sy heel eerste woorde is dat hy ‘n Hebreër is, ‘n ultra-lojale volksmens. Wanneer Israeliete na hulleself as Hebreërs verwys het, dan was dit ‘n elite-titel wat daarop gedui het dat hulle suiwer Hebreeus magtig is en al die volkstradisies van Israel getrou nakom. Wel, dit was Jona se eerste aanspraak, sy trots! Nee, nie dat hy ‘n volgeling van die Here is nie. Sy nasietrots en kultuur was belangriker! Nou verstaan ons ook sommer hoekom Jona nie na Nineve toe wou gaan nie. Daardie mense was heidene, nie-Jode! Hulle het nie Hebreeus gepraat, of vasgehou aan Israel se “verhewe” tradisies nie.

Hoe tragies dat mense se kultuur en volksafkoms soms meer tel as hulle geloof in God. In ons eie land gebeur dit ook dikwels dat mense groter nasionaliste is as Christene, dat hul kultuur nommer een is en God nommer twee. Sorg asseblief dat jou geloof alle ander lojaliteite oorroep. Moenie ‘n speletjie met God speel nie. Laat toe dat Hy die eerste reg het op jou tyd, jou lojaliteit, jou krag en energie. Stel die res tweede – jou werk, jou ontspanning, jou kultuur.

GEBED: Ek buig voor U met my kultuur en ontspanning, Here

Skriflesing vir vanaand: Jona 1:1-16

Verstommende bekerings***“Die manne het toe baie bang geword vir die Here” (16)***

Is Jona se eerste hoofstuk nie 'n goudmyn van lewenslesse vir jou en my nie? Dis ook sommer propvol ironieë, soos ook hier aan die einde van die hoofstuk. Wat is die ironie? Wel, dat die ongelowige matrose tot bekering kom as gevolg van Jona se ongeloof! Was dit nie vir Jona se powere wegvlug-poging na Tarsis toe nie, sou hulle waarskynlik nooit van die ware God te hore gekom het nie. Tog het God Jona se ompad op 'n fenomenale wyse in sy eie diens geneem om sommer ook vir 'n klompie ongelowiges sy hart te wys. Dit het hulle tot die regte insig gebring. Hulle is gevul met vrees vir God en het daar en dan 'n offer aan Hom gebring en hul lewens by wyse van geloftes aan sy diens gewy.

Die goeie nuus van Jona se verhaal is dat God hoegenaamd nie van ons lojaliteit aan Hom afhanklik is om te werk nie. Hoegenaamd nie! Ons sondes en opstand vang Hom nooit onkant nie. Nee, wanneer dit God pas, gebruik Hy eenvoudig ook ons sondes om sy doelwitte te bereik, soos wat Jona op die harde manier moes uitvind!

Sorg dat God jou op die regte manier gebruik. Sorg dat jou gehoorsaamheid die instrument in sy hand is en nie jou sondes nie. Sorg dat jou navolging van die Allerhoogste die kanaal is waardeur sy hemelse krag mense in jou eie omgewing bereik. Dis hoe God die graagste sy superkrag wil openbaar!

GEBED: Heer neem my vandag in u diens

Skriflesing vir vanaand: Psalm 103

Nood leer bid***“Maar U, Here my God, het my van die dood gered” (6)***

Nood leer bid. Hoeveel keer sien mens dit nie rondom jou gebeur nie. Hordes mense leef soos wat hulle wil, maar wanneer ‘n krisis op die horison opduik, dan bid hulle dat dit so klap. Dan raak hulle godsdiens teen die spoed van lig! Wel, Jona het reeds die liksêns op hierdie nood-leer-bid leefstyl uitgeneem. Toe hy in die see beland, was hy in groot moeilikheid. Hy het in lewensgevaar verkeer. Maar toe gee God uitkoms. Hy het ‘n groot vis gestuur om Jona in te sluk.

Binne in die vis het God se profeet tot sy sinne gekom. Daar in die donkerte van die vis se kosspens het hy begin bid soos nooit vantevore nie. Jona het bely dat God sy genade opnuut oor hom losgelaat het. God het hom uit die kloue van die dood uitgehaal. Daarom dat Jona selfs in die maag van die vis ‘n loflied kon sing. Om alles te kroon het God toe opdrag gegee dat die vis hom op die land uitspoeg.

Dis reg as nood mens leer om te begin bid, mits jy daarna aanhou met bid. Nee, gebed is nie net ‘n noodwiel nie, dis die stuurwiel van ons elkeen se lewe. Gebed voorsien die brandstof, die hemelse leefkrag vir ons daaglikse lewe. Dit help nie mens bid net wanneer die stormwolke rondom jou begin saampak nie. Gebede moet ook in die sonskyn gebid word, as dinge voor die wind gaan. Elke dag, elke slag. Bid sonder ophou!

GEBED: Here, dra my in u hande

Skriflesing vir vanaand: Jona 2:1-10

7 Julie

Lees – Jona 3:4

Wat 'n preek!

“Nog net veertig dae en Nineve word verwoes” (4)

Toe die Here se stem nog 'n slag na Jona toe kom met die woorde: “Maak klaar...”, toe maak hy klaar en gaan na Nineve toe. Hierdie keer het God se profeet ten minste geluister en gegaan na die plek toe waar hy moes gaan preek. Toe Jona in die groot stad aankom, het hy begin preek. Wat 'n preek! Ek meen wat 'n hartelose preek. G'n genade nie! G'n uitstel nie. Nee, net een sin: “Nog net 40 dae, dan word Nineve verwoes!” Uit en gedaan! Dalk was hierdie een van die hardvoggigste preke ooit in die geskiedenis. Jona het die letter van die wet gaan doen in Nineve. Nee, hy het nie soos 'n Moses van ouds gepleit vir sy mense nie. Of soos 'n Paulus eeue later aangebied om sy eie plek in die ewigheid af te staan as dit net sou kon bydra tot die bekering van mense nie. Nee, Jona was harteloos op die man af, hy was ongenadiglik godsdienstig!

Hoe tragies dat mense wat die Here se werk doen soms hulle harte langs die pad verloor. Soms word dit net 'n gewone werk. Soms val die roeping by die deur uit. Wat van jou? Het jy ook 'n roeping om op die Here se pad te stap? Is daar 'n paar stukkies terrein wat net jy vir die Here kan volstaan? Of doen jy net so af en toe iets vir die Here? Wel, dan gaan jou hart nie regtig bloei oor stukkende mense nie. Dan gaan jy nie deur die Here se oë kyk na sondaars wat op pad is na die oordeel nie. Maak jou roeping vas! Kry 'n hart, een van vlees!

GEBED: Here, gee aan my 'n hart vir stukkende mense

Skriflesing vir vanaand: Matteus 10

8 Julie

Lees – Jona 3:9

Toe verander God van plan

“Toe God sien wat hulle doen... het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring” (10)

Ek leer hier in Jona 3 'n fenomenale les oor God se planne. Ek leer dat dit nie altyd in hemelse sement gegiet is nie. Soms kan God van plan verander. Soms kan Hy afsien van sy vaste voorneme om mense te oordeel. Wanneer gebeur dit? Wel, wanneer mense soos die inwoners van Nineve op 'n dag tot bekering kom in reaksie op 'n kil preek soos dié van Jona. Die koning van Nineve verstaan waarskynlik iets meer van God se genade as sy hartelose profeet wanneer hy sê dat as al die inwoners van sy goddelose stad tot bekering kom, dan sal God dalk afsien van sy planne om Nineve te verwoes. Presies dit gebeur toe ook!

Bekering en gebed het 'n groot impak op God se planne. Nee, Hy het nie sy planne ligjare gelede klinkklaar gemaak nie. Hy het nie sy raadsplan in 'n onbreekbare raamwerk gegiet nie. Ons dien 'n dinamiese God wat dag na dag op pad is met sy wêreld. Daarom luister Hy as mense bid en daarom sien Hy raak as 'n groot stad se mense in nederigheid hulleself voor Hom verootmoedig en ernstig om genade pleit.

Ja, God het 'n plan. Tog luister Hy as mense bid, soveel so dat Hy selfs bereid is om sy hemelse planne te verander tot heil van mense. God is die Een wat red eerder as oordeel. Hy is die God wat die oordeelsvure eerder doodblaas as om nog kole daarop te gooi. Glo dit en bid!

GEBED: Heer Jesus, luister tog as ek u aangesig soek

Skriflesing vir vanaand: Jona 3:1-10

9 Julie

Lees – Jona 4:2

Dis beter om in die hande van God te val as in mense s'n

“U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het” (2)

Toe vervies Jona hom bloedig vir God! Bid jou dit aan! Sy rede? Wel, omdat God sy oordeel oor Nineve afgestel het. Jona het nie op hom laat wag nie en God hieroor begin verwyf. Trouens, hy kom nou met die hele mandjie patats na vore as hy sê dat hy lankal reeds geweet het so iets gaan gebeur. Jona het geweet God gaan oneindig meer genadig as hyself wees. Daarom dat hy nie lus was om God se woord aan Nineve bekend te maak nie. So kwaad is Jona trouens nou dat hy vir God vra om hom maar te laat doodgaan. Sleg, bitter sleg!

Wonderbaarlik het God aangehou om met sy opstandige kneg te praat. Toe het Jona woedend uit Nineve gestorm en oos van die stad gaan sit om te kyk of God tog nie sy plan sou heroorweeg nie. Jona wou as't ware God se arm forseer om eerder na hom te luister en vuur af te stuur oor Nineve! Kan jy dit glo? Hierdie halstarrige profeet het vir God probeer dwing om te kies tussen genade vir Nineve (= redding vir 'n hele stad), of verhoring van Jona se versoek (= vernietiging van Nineve). Toe gaan sit hy so ewe op 'n “pawiljoen” om te kyk na wie God gaan luister, na hom of na Nineve se hulpgeroep.

Weet jy wat is skokkend? Dat God met genade boer, maar dat sy eie mense nie dieselfde oeste op hulle eie landerye het nie. Mense is veel minder genadig as God. Soek daarom jou skuiling, jou hoop en jou krag by God alleen. Net Hy is oordadig genadig!

GEBED: Here, laat dit genade reën, asseblief!

Skriflesing vir vanaand: Jona 4:1-6

10 Julie

Lees – Jona 4:9

Sien die groter prentjie

“Toe vra God vir Jona: “Het jy rede om kwaad te word..?” (9)

Jona se God gryp my aan die hart, nie Jona self nie! Jona is 'n tipiese godsdienstige. Hy is harteloos, liefdeloos, selfgeregtig, vol van homself, verskriklik vroom solank dit hom pas... Kortom, hy doen dinge vir God op sy eie voorwaardes. Vat maar Jona se laaste onderonsie met God terwyl hy daar buite Nineve sit en wag op vuur uit die hemel. Om hom te help, stuur God 'n plant om skadu te gee. Die volgende dag is die plant dood nadat 'n wurm dit gekarnuffel he. Toe het die son vir die arme Jona uitmekaar gebrand. Weer eens wens hy om dood te gaan omdat hy vies was vir God wat sy plantjie laat sterf het. Toe vra God vir Jona die vraag van sy lewe: “Het jy die reg om kwaad te wees?” Sonder huiwering het Jona ja gesê. Hy was die verontregde, die lydende party, die godsdienstige martelaar. Toe antwoord God dat hy wat Jona is nie 'n vinger verroer het om hierdie plant te laat groei nie. Dit was oornag daar en het oornag gesterf. Nou hoekom mag God dan nie genadig wees oor meer as 120,000 mense in Nineve nie? Nee, dis nie maar net 'n plantjie wat nou ter sprake is nie, maar die ewige heil van 'n massa mense. Om nie eens te praat van al Nineve se diere nie!

Vergeet van mense se vingerwysings na God se kant toe. Weet dit nou eens en vir altyd: God IS liefde. Hy IS genade. Hy IS die enigste Redder. God is die God van stukkendes en gevallenes. Hy het sy Seun gestuur om die ganse wêreld vir altyd anders te laat lyk

GEBED: Here, U is die genadige God. U kinders loof U

Skriflesing vir vanaand: Jona 4:1-11

11 Julie

Lees – Habakuk 1:2

Hoekom?

“Hoe lank nog moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here” (2)

Habakuk se profesieë sien die lig in die tyd van die Babiloniese Ryk. Dit lei ons af uit die verwysing na die Galdeërs in 1:6. Die Galdese of Nuwe Babiloniese Ryk is in die jaar 625 voor Christus gevestig. In hierdie tyd met die val van Jerusalem skryf die profeet om die volk te vermaan oor hul ongeloof.

Habakuk skryf sy profesie in die vorm van ‘n tweegesprek of ‘n dialoog met God. Hy worstel met daardie immer gewilde vraag in godsdienstige kringe: “Waarom?” In die eerste vier verse kla die profeet dat God hom nie hoor nie. Dag na dag roep Habbakuk, maar die Here swyg. Onreg neem toe. Slegte mense wen. Die goeie kom tweede. Om elke hoek en draai is daar net geweld, maar dit voel vir Habakuk of God net mooi niks hieraan doen nie. Hoekom nie?

God se antwoord in vers 5-11 aan Habbakuk op sy waarom-vraag is erg. Die Here antwoord naamlik dat die huidige swaarkry eintlik nog niks is in vergelyking met wat binnekort kom nie. God gaan nou ‘n magtige nasie, die Babiloniërs, oprig, om die volke van die wêreld, en vir Juda te straf.

Habakuk se waarom-vraag kry in sy eie dag nie ‘n goeie antwoord nie. Hy hoor God is raad-op met sy skein-heilige volk. Hy duld nie meer hulle aangeplakte vroomheid nie. Kom ons sorg ten minste dan dat ons harte rein is. Kom ons maak seker dat ons God van harte dien en nie speletjies met Hom speel nie.

GEBED: Heer, dankie dat Jesus my vryspraak waarborg

Skriflesing vir vanaand: Hab 1:1-12

12 Julie

Lees – Habakuk 4:9

Kyk tog!

***“U oë is te rein om toe te kyk terwyl daar verkeerd gedoen word”
(13)***

Soms is dinge baie deurmekaar. Vra maar vir Habakuk. Hy moes magteloos toekyk hoe goddeloosheid in sy dag hand oor hand toeneem. Boonop moes hy beleef dat die Here die Galdeërs oprig om hulle almal te straf. Kan dit waar wees dat sy God nou aan die vyand se kant is? Hierdie gedagte was vir Habbakuk een te veel. In sy diepste seer het Habakuk sy lot by God gaan bekla. Nog erger, hy het reguit gesê dat hy dink God is onregverdig. Skielik is God nie meer sy Rots nie, maar die vyand s'n! Hoe kan God dit toelaat? Hoe kan God heeltyd anderpad kyk as onreg plaasvind en as heidene sy mense vertrap? God se mense is nou omtrent soos insekte uitgelewer. Hulle is soos visse wat in die Galdeërs se nette beland.

Wanneer Habakuk die ondraaglikheid van sy mense se lyding nie meer kan uitstaan nie, dan skree hy Godwaarts. Dan sukkel hy om sin te maak van God se optrede. Verstaan jy dié soort gevoelens? Ken jy ook daardie absolute magteloosheid wanneer net mooi niks in jou lewe enige sin maak nie? Wel, dan moet jy aanhou lees, want die einste Habakuk wat nou so moedeloos is, vind net hierna die regte soort antwoorde. Hy leer naamlik om op die dieptepunt van sy lewe juis weer God se stem te hoor. Hy leer om op God te begin wag en om self onverskrokke aan Hom vas te klou, maak nie saak wat gebeur nie. Dan begin die donker algaande in sy lewe verdwyn!

GEBED: Here, hoor as ek skree. Tel my op uit die donker

Skriflesing vir vanaand Hab 1:12-17

13 Julie

Lees – Habakuk 2:1

Klim op die muur

“...ek wil wag om te verneem wat die Here vir my sal sê” (1)

Wat doen mens die dag as dit vir jou voel of hemel en aarde van jou vergeet het? Wat doen jy as jy bid, maar geen antwoorde kry nie? As jy klop, maar al die deure bly toe? Wanneer jy vra, maar niemand antwoord nie? Wat dan? Wel, dan doen jy wat Habbakuk gedoen het, dan bou jy 'n wag-muur. Soos 'n brandwag wat bo-op die stadsmure waggehou het in die Bybelse tyd, klim jy dan op jou muur om te wag totdat God se antwoorde op sy eie manier kom.

Habakuk het geleer om te wag en te luister. Die antwoord in 'n tyd van moedeloosheid, donkerte en klein geloof, is om minder dinge te doen. Hou op veg, stry en baklei. Hou op om die hemele oop te forseer. Hou op om verwyte heen en weer te slinger. Kom tot rus. Kom sit net voor God. Raak rustig. Raak stil. Jy en ek wil te veel doen. Ons wil in beheer wees, selfs van ons eie krisis. Ons wil dinge verstaan en sekerheid hê. Wel, dit werk nie altyd so nie. Habakuk het dit op die harde manier geleer in 'n tyd toe hy in opstand was teen God. Sy krag en rustigheid het gekom toe hy net stilgebly het en gewag het.

Stilte is 'n geneesmiddel. Gaan sit elke dag vir 'n rukkie doodstil. Wag net op God. Moenie te veel sê nie. Bly stil. Wag op die Here. Hy sal op die regte tyd praat. Hy sal die regte antwoord op die regte tyd gee. Wees jy maar net stil.

GEBED: Op U alleen wag ek, almagtige Heer

Skriflesing vir vanaand Hab 2:1-11

14 Julie

Lees – Habakuk 2:4

Om reg te doen = lewe

“Maar wie reg doen, sal bly lewe...” (4)

Een van die mees invloedryke tekste in die ganse Bybel loop jy hier in Habakuk 2:4 raak. Dit was die teks wat deur Paulus as die hoofopskrif bokant die ganse Romeinebrief geplaas is in Romeine 1:17. Hierdie vers het later ook 'n onuitwisbare indruk op iemand soos Maarten Luther gemaak. Na sy jarelange worstelinge en sy intense soeke na 'n genadige God in die kerk van sy dag, het Luther die God van genade in die Woord self raakgeloop. Hierdie einste woorde van Habbakuk, en later ook van Paulus, dat die regverdige sal lewe, het sy lewe en sy denke vir altyd verander. Luther het algaande vanuit hierdie en 'n paar ander teksgedeeltes sy teologie gegrond dat God sondaars uit genade vryspreek en dat Hy hulle laat nuut leef op grond van hulle geloof in Christus.

Habakuk het geweet dat mense wat God se wil doen, hoe swaar hulle ook al hier op aarde kry, sal leef. God gooi nooit sy kinders nutteloos eenkant weg nie. Hy laat sy mense nie tevergeefs smee nie. Gelowiges is in God se hand. Hulle leef omdat hulle God se wil doen. Nog meer, hulle leef omdat God hulle lewend verklaar en hulle van hulle sondes vryspreek. Gelowiges se doen en late is altyd aan God bekend. Nee, hulle word nie vergeet as die storms rondom hulle woed nie. Dan is God ook daar. Dan is Hy ook tot hulp bereid. Hy is die reddende Here, die God van lewe en genade!

GEBED: Here, U Seun gee ook aan my lewe. Daarom leef ek

Skriflesing vir vanaand: Hab 2:12-19

15 Julie

Lees Habakuk 2:20

Wees stil voor God

“Die Here is in sy heilige tempel; almal op aarde moet in sy teenwoordigheid stil wees” (20)

In 'n goddelose tyd dink sondaars dat hulle kan weggom met hulle booshede. Dis 'n fout. God is beheer van sake. Hy weet van alles wat gebeur. Daarom neem Hy in Habakuk se dag kennis van al die slegte dinge. Hier in hoofstuk 2 word dit uitgebeeld deur vyf uitroepe wat begin met die woorde: *“Ellende wag vir hom wat...”* (vers 6; 9; 12; 15; 19). Op wie wag hierdie ellende? Wel, op goddeloses! Dit wag op mense wat ander se besittings steel en hulleself skelm verryk. Ellende wag ook op mense wat moord pleeg; wat ander dronk maak om hulle seksueel uit te buit en wat op afgode vertrou. Hierdie mense se straf staan vas. God het kennis geneem van alles wat hulle aanvang. Niks hiervan het sy aandag ontglip nie.

Habakuk 2 sluit af met die woorde dat God in sy heilige tempel is. Hy is aan diens. Hy slaap nie en Hy sluimer nie. God is nie besig met meer belangrike dinge nie. Nee, Hy neem haarfyn kennis van alles wat gebeur. Elke daad, elke woord trek sy aandag. Daarom dat daar ellende wag op alle goddeloses. Hulle sal nie vir altyd weggom met hulle bose planne nie. God sê so. Die enigste regte reaksie op sy teenwoordigheid, is om stil te wees voor Hom. God is op soek na stil mense, na mense wat so nederig en klein voor Hom is dat hulle minder praat en meer luister, ja, so aanhoudend luister dat hulle God se stem helder en duidelik hoor!

GEBED: Lei u kinders tot stilte voor U, drie-enige Heer

Skriflesing vir vanaand: Hab 3:1-7

Wees bly, al gebeur wat

“Al sou die vyeboom nie bot nie... nogtans sal ek in die Here jubel” (17-18)

Habakuk 3:17-19 het baie bekend geword omdat hierdie woorde in liedvorm in baie van ons kerke gesing word. Baie van ons is dus goed bekend met hierdie woorde. Nou ja, oorbekendheid is soms sleg. Dit maak dat ons nie die diepte en krag van sekere woorde ernstig genoeg opneem nie.

Om seker te maak dat Habakuk 3 se krag regtig in jou lewe invloei, moet jy asseblief hierdie verse rustig deurlees. Oordink dan elke reël, elke sin. Wat beteken dit as die profeet sê dat al misluk die vye-oes, die olyfoes en die graanoes, en al is alle kleinvee en beeste dood, dan sal hy nogtans in die Here jubel? Met ander woorde, as daar nie 'n krieseltjie kos iewers in die land oor is nie, sal hy nogtans aan God vashou. Nee, nie net vashou nie, hy sal bly wees. Hy sal jubel! Habakuk gaan nog verder: Hy sê dat hy juis in die grootste krisistyd in die lewe juig in God wat hom red. Hoekom sê hy dit? Want God gee vir hom krag, nuwe krag. Hy laat sy kneg op gevaarlik plekke vlugvoetig rondbeweeg. Op die gevaarlikste terrein denkbaar is mense wat aan God vashou steeds veilig.

Is Habakuk 3 ook jou belydenis? Kan jy dit met vrymoedigheid agterna sê en agterna sing? Wel, as God jou Heer en Redder is, dan is daar geen rede hoekom jy dit nie kan doen nie. Hy is jou daaglikse Gids, jou Herder, jou Redder, jou Rots en jou Redder!

GEBED: Here, U laat my veilig leef

Skriflesing vir vanaand: Hab 3:7-19

17 Julie

Lees – Sefanja 1:7

Dis nie meer ver nie

“Wag in stilte op die Here God. Die dag van die Here is naby” (7)

Sefanja speel af in die tyd van koning Josia. Hy was die vroom koning van Juda wat drastiese hervormings rondom die jaar 622 voor Christus aangebring het na die ontdekking van die wetboek in die tempel. Nadat sy oupa Manasse en sy pa Amon vir baie jare ‘n skrikbewind van goddeloosheid en afgodery in Juda gevoer het, het hierdie vroom man die troon bestyg en die volk opgeroep om terug te keer na die lewende God toe. In hierdie tyd het ‘n ander groot profeet, Jeremia, ook met sy lang profetiese optrede begin. As mens na die inhoud van die boek Sefanja kyk, lyk dit asof hy sy profesieë gelewer het nog voordat Josia se hervormings begin het. Hy tree waarskynlik rondom 630 op terwyl Josia nog jonk was en terwyl die magtige Assiriese ryk se krag tot ‘n einde gekom het. Juda was nou skielik onafhanklik.

In ‘n tyd van godsdienstige ongehoorsaamheid roep Sefanja die mense op om terug te keer na God toe. In vers 7 skets hy ‘n skrikwekkende beeld van mense wat genooi is na ‘n feesdag van die Here wat binnekort aanbreek. Tog kom baie daar aan met selfvoldaanheid en arrogansie. G’n wonder nie dat die dag van die Here ‘n dag van ontnugtering, straf en oordeel oor hierdie goddelose spul sal wees. Die Here laat nie toe dat mense sy eer vertrap nie, nooit nie. Moenie dink die Here se dag gaan vir almal ‘n partytjie wees nie. Nee, dit gaan vir baie ‘n dag van ontnugtering wees!

GEBED: Here, sorg dat u kinders gereed is vir u groot dag

Skriflesing vir vanaand: Sef 1:1-18

18 Julie

Lees – Sefanja 2:3

Egte bekering word gesien, gehoor en gevoel

“Vra na die wil van die Here, alle nederiges in die land” (3)

Hoe gaan ons staande bly op die groot dag van die Here waarna Sefanja verwys in hoofstuk 1? Want al die arrogante mense en al die godlose skeinheiliges sal dit nie maak nie. Wel, daar's hoop. Hier in 2:3 hoor ons dat 'n radikale bekering tot God die sleutel hou tot redding op die dag van die Here. Wat is radikale bekering? Dit is eerstens 'n bekering tot God wat maak dat mense in nederigheid en eenvoud voor Hom leef. Nederigheid is om klein te wees voor God. Dis om saam met iemand soos Johannes die Doper te sê: “Christus moet meer word en ek minder!” Nederigheid maak dat ek my plek ken voor God. Hy is die Here en ek is net 'n bietjie stof. Radikale bekering laat my nederig word, maar dit laat my ook vra na God se wil. Wanneer ek desperaat is om God se hart te ken en elke dag en elke slag my wil aan Syne onderwerp, dan begin ek snap wat bekering is. Radikale bekering verander ook al my verhoudings teenoor ander mense. Dit maak dat ek reg optree en die regte dinge aan ander doen. Dan buit ek nie mense uit tot my eie voordeel nie. Dan trap ek nie op hulle om bo uit te kom nie. Dan maak ek plek vir ander; dan pas hulle nood ook op my skouers en dan deel ek ook water, kos en leefmiddele aan hulle uit. Kortom, ware bekering maak dat ek anders voor God en anders teenoor ander mense leef. Dit word altyd gesien, gehoor en ervaar!

GEBED: Hoor my, Here, as ek smeeek dat U my hart verander

Skriflesing vir vanaand: Sef 2:1-7

19 Julie

Lees – Sefanja 3:8

Daar's genade!

“Daarom, wag vir My in vrees, sê die Here” (8)

Het jy al gesnap wat die doel is van God se spreke deur sy profete? Hoekom dink jy het Hy vir iemand soos Sefanja gestuur? Ja, om sondaars te waarsku; om hulle terug na Hom toe te roep; om hulle te red. God kan dit nie vat dat daardie lelke etiket “sondaar” aan so baie mense vasklou nie.

Leer asseblief om God se goedheid reg te verstaan. Leer om ook sommer van nou af reg na jouself te kyk! Terloops, jy kan jou geloof uit twee kante bekyk - of uit jou eie kant, of uit God S'n. Kyk jy na jou kant van geloof, dan sien jy net jou foute raak. Kyk jy egter na God se kant van die saak, dan beleef jy dat Hy die God van genade is.

Vroeër was ons wat nou in Christus glo sondaars in God se oë, maar daardie tyd is gelukkig vir altyd oor en verby (Romeine 5:6) wanneer ons met ons lippe én met ons lewe sê Jesus is die Here!, dan is ons op die hemelse wenpad. Dan is die oordeel oor ons lewe herroep en teruggetrek. God het ons immers as sy kinders aangeneem. Daarom dat God nou tevrede met ons is. Nog meer: Hy is oneindig lief vir elkeen van ons wat voor sy Seun kniel in geloof! Ons is nou van kop tot tone deel van sy nuwe familie! Koninklike bloed vloei deur ons almal se are wat Jesus as ons Heer en Verlosser ken. Sjoë, dis darem ongelooflike nuus. Kom ons omhels dit met ons hele lewe. Kom ons vier fees oor God se goedheid.

GEBED: Saam met u kinders sing ek oor u genade, Jesus!

Skriflesing vir vanaand: Sef 3:1-13

20 Julie

Lees – Sefanja 3:17

God is tevrede met jou

“Hy is stil-tevrede in sy liefde” (17)

Ek moet eerlik wees: ek het nog nie te baie kere in die kerk gehoor dat die Here met enigiets hier op aarde tevrede is nie. Ook nie met die kerk nie. Ons almal doen min of meer altyd te min te laat. Ons skiet te kort; ons mis die punt; ons is aan die dooierige kant; ons kom nie behoorlik by ons doel uit nie... Ken jy daardie gevoel? Voel jy ook elke slag as jy uit die kerk stap dat jy weer in die leeu kuil saam met ‘n klompie kwaai Daniëls was? Terloops vergeet van kwaai leeus, vandag se Daniëls is veel gevaarliker!

Ek moet sê, ek was heeltemal uit die veld geslaan met die woorde van Sefanja 3:17. Dit klink soos ‘n stroom koel water op ‘n warm dag. Hoor net: “God is by jou. Hy is vol vreugde oor jou...” En dan die mooiste woorde: “Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.” Mensdom, dis hemelse musiek! In ‘n tyd waar jy en ek dikwels van kansels af en in geestelike gesprekke moet hoor ons onderpresteer as dit by God kom, vertel die Here Hy is tevrede met sy mense. Nee, geloof is nie prestasie-gedrewe nie. Ons kry nie bonuspunte aan die hand van al ons geestelike prestasies nie. God se liefde staan hoegenaamd nie in ‘n direkte verhouding tot ons eie geloofs-uitsette nie. God het ons lief. Punt! God hou van ons. Punt! Hy is stil-tevrede, want Hy het ons lief ten spyte van onself. Hy hou van ons! Jesus se kruis sê so!

GEBED: Here, dankie dat U stil-tevrede met my is

Skriflesing vir vanaand: Sef 3:14-20

21 Julie

Lees – Sagaria 1:2

Kwaai nuus

“Bekeer julle tot My, sê die Here die Almagtige” (3)

Sagaria is 'n tydgenoot van die profeet Haggai. Hy tree ook op tussen 520-518 voor Christus. Interessant genoeg verwys Esra (5:1) en Nehemia (12:16) ook na Sagaria. Later in die Nuwe Testament is dit veral die boek Openbaring wat 'n klompie beelde uit Sagaria ontleen. Hierdie wonderlike boek val uiteen in drie duidelike dele. Hoofstuk 1-8 hou verband met 'n oproep tot inkeer aan die volk en agt gesigte wat Sagaria in die nag ontvang.

Hoofstuk 9-11 vertel weer van die Messias-koning se optrede wat hoop en seën vir die Here se mense inhou.

Hoofstuk 12-14 handel oor die eindtyd. Dit vertel van God se toekomstige oordeel, maar dit vertel ook van sy troos en redding vir almal wat aan Hom behoort.

Sagaria benadruk regdeur sy boek die nabyheid en aanwesigheid van die Here. Hy was in die verlede aanwesig. Ook sal sy hand in die toekoms gesien word. Daarom moet sy kinders nie hier en nou die handdoek ingooi nie, want die God van die verlede en die God van die toekoms hou hulle nou vas. Hy sal hulle nie deur sy hand laat val nie. Hulle moet hulle maar net tot Hom bekeer, soos wat die Here vir Sagaria in 1:3 beveel, dan sal Hy met sy guns en sy goedheid by hulle wees. Wat 'n troosvolle versekering – God is naby. Is dit dan te veel gevra om na Hom toe te draai?

GEBED: Here ek doen wat U in u Woord sê

Skriflesing vir vanaand: Sag 1:1-21

22 Julie

Lees – Sagaria 2:5

‘n Muur van vuur

“Ek sal ‘n muur van vuur rondom die stad wees” (5)

In Sagaria se derde gesig in die nag sien hy iemand met ‘n maatlyn in sy hand. As hierdie man Jerusalem wil opmeet, word hy gekeer. Anders as wat hierdie persoon wil doen, het God klaar ander planne gemaak. Sy verlossing en sy redding werk anders as wat mense dit soms voorstel. Terwyl mense meen hulle kan God se planne meet en verstaan, kies God om op ander maniere te handel. God sê in hierdie gesig aan die man wat die stad wil opmeet dat Hy Jerusalem eendag ‘n stad sonder mure gaan laat wees (2:4). Nog meer; God self sal die muur rondom die stad wees (2:5). Soos die vuur vroeër rondom sy volk was, so sal God se vuur rondom sy mense brand. Hyself sal hulle bewaar en in sy hand dra. Sy reddende teenwoordigheid sal in die midde van al sy mense wees.

Verder beloof God ook dat Hy sy kinders sal beskerm. Geeneen van die volke rondom Israel sal daarmee wegstrek as hulle hul hand teen sy volk ophou en oorlogsbuit van hulle maak nie. God sal nie toelaat dat sy oorgaaf ooit seergemaak word nie (2:8).

Nog goeie nuus is dat God op pad is om in Sion te bly. Sy eie mense gaan sy mag en glorie beleef (2:9). Gewone grond sal heilig word (2:12). Gewone mense sal skielik in die lig van die Allerhoogste leef. Wat ‘n wonderlike dag. Kom ons word deel van hierdie nuwe volk van die Here wat sy guns daagliks beleef.

GEBED: Here, bou ‘n muur van vuur rondom ons

Skriflesing vir vanaand: Sag 2

23 Julie

Lees – Sagaria 3:1-2

Satan kry dit warm van voor

“Die Here het vir die Satan gesê: Ek sal jou straf, Satan” (2)

Party mense is veels te bang vir die duiwel. Trouens, hy is soms ‘n groter “aandagtrekker” in die kerk as in die Bybel. Het jy geweet Satan as ‘n figuur in eie reg kom net vier maal in die Ou Testament voor, naamlik Job 1 en 2; 1 Kronieke 21, en hier in Sagaria 3. Vir die res staan hy maar ietwat bedremmeld in die hoekie van eensames. Wanneer ons Satan later in die Nuwe Testament raakloop, dan wen Jesus sommer al die openingsrondtes teen hom (Matteus 4). Die groot vraag of die duiwel kwalifiseer as God word eens en vir altyd deur Jesus beantwoord as Hy dit hier in die woestyn duidelik maak dat die Bose nie aanbidbaar is nie. Mens kan net voor die drie-enige God buig. Uit en klaar.

Satan kom altyd tweede in onderonsies met God. Ook hier in Sagaria 3, as Satan dit waag om die hoëpriester aan te kla, kondig God straf oor die Satan aan. Later in Matteus 12 sê Jesus dat Hy gekom het om die “sterk man” se wapens af te vat. Wanneer iemand in Hom begin glo, vat Hy daardie aardse woonplek eksklusief vir Homself. Geen wonder nie dat Paulus later in 1 Korintiërs 3:16 en 6:19 sê dat Christene tempels van die lewende God is. Nee, ons is nie kommunes nie. Dis nie asof die duiwel die grondvloer van ons lewe beset terwyl Jesus maar tevrede moet wees met die boonste kamer nie. As die Here die beheer oor ons lewens oorneem, dan vat Hy alles, van kop tot tone!

GEBED: Here, U is die oorwinnaar oor alle magte

Skriflesing vir vanaand: Sag 3

24 Julie

Lees – Sagaria 4:6

Nie deur krag nie

“Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees” (6)

Sagaria sien nou ‘n vyfde gesig in die nag – ‘n goue kandelaar met twee olyfbome. Toe die engel vir Sagaria vra wat dit beteken, het hy nie ‘n idee gehad nie. Tog was die antwoord duidelik. Serrubabel, wat die opdrag gehad het om die tempel te herbou, moes hoor dat dit nie deur krag en mag sal geskied nie, maar onder leiding van die Heilige Gees. God self sal die werk doen, nie mense nie. Hy sal die werk laat slaag, nie sy eie inspanning of vindingrykheid nie. Wat ‘n belofte aan Serrubabel en die mense saam met hom wat voor buitengewone uitdagings gestaan het dat hulle nie hoef te bekommer nie. Die Gees van die Here sou die werk laat slaag.

Ons dink partykeer te klein oor God. Hoor net hoe sê Hy vir Serrubabel dat Hy die grootste berg in die wêreld sal gelyk maak as Hy dit nodig ag (vers 7). God is regtig baie groot. Hy is almagtig. Wanneer Hy optree, kan niks of niemand voor Hom standhou nie. Wanneer jy en ek dit glo en binne sy wil leef, kan daar groot dinge gebeur. Dit is waarvoor ons Hom opnuut in ons dag moet vertrou. Ons moet besef dat dit nie ons eie krag of vernuf is wat die wa deur die kerklike drif kan trek nie. Alles en behalwe. God se Gees sal die geveg vir ons moet veg. Hy sal moet doen wat daar te doene is. Kom ons hoor eers weer wat God se wil vir ons eie lewens is. En, wees gewaarsku, sy wil is groter as al ons beperkte menslike vermoëns. Ons sal Hom in die geloof moet vertrou vir groot dinge.

GEBED: Here dankie vir jongmense wat U ken en dien

Skriflesing vir vanaand: Sag 4

25 Julie

Lees – Sagaria 5:4

Diewe kom tweede

“Dit sal in die dief se huis ingaan” (4)

Die sesde gesig teken die toneel van ‘n boekrol wat deur die lug sweef. Hierdie boekrol beland dan in die huis van diewe en diegene wat vals beloftes in die naam van God aflê. Met ander woorde, hierdie gesig kondig op simboliese wyse die Here se oordeel aan oor goddeloses soos hierdie.

God vat dit nie dat mense in sonde leef nie. Liewers, dit gaan nie ongemerk by die hemel verby nie. So vinnig as wat mense sonde doen, registreer dit in die troonsaal van die Almagtige. Nee, God sluimer en slaap nie. Hy is wakker, wawyd wakker. Daarom dat diewe, wat dink niemand sien hulle as hulle inbreek en dinge vat wat nie aan hulle behoort nie, heeltemal verkeerd is. God weet. Hy sien en onthou. En op ‘n dag, soos wat hierdie sesde gesig vertel, reken Hy met daardie mense af.

Ons land het massas misdadigers wat op vrye voet rondloop. Hulle gaan van erg na erger. Maar God weet. Hy sien en onthou. Hy maak boeke op en besluit om op ‘n dag in te gryp en hulle te straf. Nee, die wraak kom ons nie toe nie. Selfs al voel ons party dae woedend en vol haat, dan kom dit ons nie toe om af te reken met die skelms en die skurke nie. God sal dit doen, op sy eie maniere. Hy sal hulle straf. Kom ons hou dan op om te bekommer en ons koppe te breek oor al hulle dade. Kom ons gee ons bekommernis oor aan die Een wat iets daaraan kan en sal doen!

GEBED: Here, dankie dat U afreken met die boosdoeners

Skriflesing vir vanaand: Sag 5

26 Julie

Lees – Sagaria 6:8

Onthou vir God!

“Kyk, die wat noord gaan, bring die Gees van die Here daarheen” (8)

In 'n agtste gesig sien Sagaria vier strydwaens met ruiters wat in verskillende rigtings vertrek. Al die rigtings van die aarde word deurkruis, maar dis veral in die rigting van die noorde dat daar goeie nuus op die toneel verskyn. Hoekom die noorde? Wel, dis die rigting van Babel, waar die Israeliete lank ballinge was. Die grootste deel van hulle het reeds teruggekeer na hulle land. Tog was daar nog 'n klompie ballinge oor in 'n vreemde land. Die goeie nuus is dat die Here deur sy Gees hulle raaksien. Sy krag sal hulle daar in die vreemde omring. Hyself sal hulle op 'n wonderbaarlike wyse bewaar en beskerm.

Die Here ken die lot van al sy mense. Hy weet wanneer sy kinders swaarkry en wanneer hulle lot ondraaglik swaar is. Die Here hou sy hand oor hulle en dra hulle deur sy genade terug na sy veilige arms. Vandag nog reis die Gees altyd noord- Hy is op elke plek waar gelowiges hulle regoor die aarde bevind. Vandag nog stuur die Here sy Gees na die uithoeke van die aarde toe om ons uit ons nood te kom verlos. Nee, ons is regtig nooit alleen nie. Die Gees dra ons. Hy kom soek ons op en kom haal ons keer op keer. Geen donker is ooit vir Hom te donker nie. Geen krisis is te groot nie. Geen seer is te ondraaglik nie. Die Here se Gees ken ons naam en adres. Hy weet elke oomblik van elke dag waar ons onself bevind.

GEBED: Laat u Gees noord reis, op soek na u kinders

Skriflesing vir vanaand: Sag 6

27 Julie

Lees – Sagaria 8:2

Goddelike liefde

“So sê die Here die Almagtige: Ek is hartstogtelik begaan oor Sion” (2)

Sjoe, is dit nie aangrypend nie? God is hartstogtelik besorg oor Sion wat hier van hoofstuk 8 af nog in Babilonië is. Sy mense laat sy hart bloei. Hulle lot gryp Hom aan die hart. God kan dit nie vat dat hulle so ly nie. Hy kan dit nie uitstaan dat die Babiloniërs hulle onderdruk en laat swaarkry nie. Daarom beloof Hy dat Hy hulle sal red en ook sal laat terugkeer na hulle land toe. Eendag sal die Israeliete weer in Jerusalem leef. Die pleine sal vol kinders wees en oupas en oumas sal op die pleine sit met hul kieres in die hand (vers 4-5).

Die woorde van vers 3-5 klink op die oomblik dat Sagaria hierdie profetiese woorde uitspreek vir die hoorders na wensdenkery. Vir die Israeliete wat verdrukking ervaar en in die vreemde ly onder die juk van die Babiloniërs, is dit ondenkbaar dat hulle ooit weer vryheid en veiligheid sal beleef. En tog is dit presies wat God beloof - vryheid en redding, verlossing en herstel. Mense moenie die fout maak om hulle eie magteloosheid op God te projekteer nie. Hulle moenie dink dat enigiets ooit vir God onmoontlik is nie, want dit is nie!

Vandag nog kan God die donkerste situasies in 'n oogwink verander. Geen situasie is so sleg of donker dat God dit nie kan verander deur sy Gees nie. Geeneen van God se kinders is ooit so diep in die moeilikheid dat God hulle nie daar kan gaan uithaal nie. Hy is hartstogtelik begaan oor sy kinders, ook oor jou!

GEBED: Liewe Heer, dankie vir u hartstogtelike liefde

Skriflesing vir vanaand: Sag 8

28 Julie

Lees – Sagaria 9:9

Die Koning kom

“Jou koning sal na jou toe kom” (9)

Sagaria 9:9 is die teks wat deur die evangelieskrywers gebruik is met verwysing na Jesus se intog in Jerusalem. Wat 'n teks! Vir die Nuwe Testament kon dit eenvoudig nie anders as dat hierdie woorde betrekking moet hê op Jesus, die nederige Koning op 'n donkie. Onthou jy nog die toneel wat Jesus begroet het toe Hy Jerusalem binnegekom het op 'n jong donkie se rug. Sy vervoermiddel was nie 'n perd nie, maar 'n donkie. Perde was oorlogsdiere, donkies was vredesdiere. Die Lam van God het met 'n vredesending na Jerusalem gekom. Dit sou egter nie te lank aanhou nie... Op die pad vanaf die Olyfberg het 'n skare Jesus ingewag. Die nuus oor sy koms het soos 'n veldbrand deur Jerusalem versprei. 'n Opgewonde groep mense het Hom lof toegeswaai. Hulle het hard uitgeroep: “Prys Hom wat op gesag van die Here self kom! Nou seëvier God se hemelse vrede uiteindelik hier op aarde. Al die eer kom die Allerhoogste God toe.”

Tussen die skare met palmtakke in hulle hande wat Jesus soos 'n koning in Jerusalem verwelkom het, was daar helaas ook 'n klompie Fariseërs. Hulle was nie beïndruk met wat hulle gesien het nie. Later het Jesus toe ook met sy eie lewe betaal vir sy vredesending. Dit was die offer wat Hy moes bring om sonde tussen God en mens uit die pad te vat, myne ook. Ja, ek was die eintlike rede vir sy reis aarde toe. Ek was die eintlike oorsaak vir sy groot pyn.

GEBED: Dankie Christus vir u sterwe

Skriflesing vir vanaand: Sag 9

29 Julie

Lees – Sagaria 11:12

Die prys op die Here se kop

“Hulle het toe my loon afgeweeg. Hulle het toe my loon afgeweeg, dertig stukke silwer” (12)

Die dertig silwerstukke waaroor Sagaria hier praat, herinner mens amper dadelik aan Judas Iskariot se omkoopgeld om Jesus te verloën. Hierdie geld was die laaste strooi wat Jesus se hart moes gebreek het. Hy het aarde toe gekom om ons te kom dien. En toe verkoop een van sy eie mense Hom uit vir geld.

Hoe tragies dat die nederige Koning van die hemel so verneder is. Ons hoef nie verder te soek as die hemelse reistas wat Jesus saamgebring het toe Hy aarde toe gekom het om dit te staaf nie. Was daar enige koningsklere in die tas vir sy aardse reis? 'n Goue kroon dalk? Of geld? Nee! Jesus se hemelse tas was leeg. Hy moes hier op aarde vir hom klere kom uitsoek. Jesus het toe die heel armste mense van sy dag – die slawe- se kleredrag kom leen. Hoe moes ons Here, wat volgens Matteus 8 nie eens in die aande 'n kussing vir sy kop gehad het nie, voel toe dertig silwerstukke op die ou end die enigste waarde op sy kop was.

Judas se verraad was ter wille van geld. Hy het 'n geldwaarde aan Jesus toegeken. Daarom, toe Judas geld aangebied is om Jesus te verrai, eerder as om lojaal aan Hom te bly, het hy die geld gevat. Skrikwekkend. Ja, maar is ons enigsins anders as hy? Waarvoor verrai ons die Here? Wat maak dat ons ons eie belange eerste stel voor Hom? Wanneer maak ons ook of ons die Here nie ken nie?

GEBED: Christus, my Heer, gee dat ek U nie weer sal verloën nie

Skriflesing vir vanaand: Sag 11

30 Julie

Lees – Sagaria 13:9

Hulle is Myne

“Ek sal sê: “Hulle is my volk” (9)

Goeie nuus; Die Here verklaar deur Sagaria dat Hy binnekort sy eienaarskap oor sy volk op nuwe maniere gaan uitroep en al die vals profete gaan stilmaak. Nou ja, jy wat vir Jesus ken as jou Heer ... jy is lankal deel van die wenspan wat antwoord dat die Here jou God is.

Omdat Christus jou op jou voornaam ken, het jy gewen, lankal al. Jou naam staan in die boek van die lewe. Jy is spesiaal en kosbaar... jy's 'n kind van die Koning van hemel en aarde. Kort voor jou wag die hemelse wenpaal. Nee, nie die dood nie. Ook nie 'n donker put nie, maar die wenpaal, die eindstreep, die oorwinningspunt. Hou jou oog op die Here se wenpaal.

Jy is op pad na 'n ongelooflike eindbestemming. Die Heilige Gees trek jou dag na dag vorentoe. Die hemelse skare moedig jou aan om te volhard. Kyk op. Kyk vorentoe. Sien vir Jesus. Hy staan gereed om jou met oop arms in die hemel te verwelkom. Jesus sal jou uit die greep van die dood kom haal en jou oortel na die lewe toe. Jy sal in alle ewigheid nooit deur sy magtige vingers val nie, nooit nie! Nou en vir altyd is jy in die greep van hemelse genade! Hoor net hoe moedig Christus jou aan. Kyk hoe opgewonde is Hy oor jou vordering. Moenie moeg word nie; nie nou nie! Byt vas. Ware lewe is jou voorland wanneer jy op die hemelse wennersrostrum jou plek gaan inneem. Ewige lewe is jou geskenk uit die hande van Jesus Christus.

GEBED: Here, dankie vir die nuwe lewe wat wag

Skriflesing vir vanaand: Sag 13

31 Julie

Lees – Sagaria 14:5

God kom

“Dan sal die Here my God kom” (5)

Nog 'n triomfantelike profesie oor God se verlossing van Jerusalem volg hier aan die einde van die boek van Sagaria. God se verlossing is op hande vir sy volk. Verlossing kom.

Die Bybel stel God nie voor as 'n “Onbeweeglike Beweger” nie. Hy is nie die Een wat al die skuiwe hier op aarde soos 'n skaakmeester maak, terwyl ons die stukke is wat willoos heen en weer geskuif word nie. Ons is nie deel van 'n voorafvervaardigde program wat in die hemel afspeel nie. Ons kies of ons na God se wil in die Bybel gaan luister, of nie. Wanneer ons iets onverantwoordelik aanvang, kan ons nie vir God blameer nie. Nee, dan is dit net ons skuld. Wat van die goeie dinge in ons lewe? Wie se skuld is dit? Wel, ons is in die kol as ons dinge soos lewensgeluk, harmonie in ons gesin, vrede met God en kalmte van gees aan God verbind. Volgens die Jakobusbrief gee Hy slegs goeie dinge aan ons (1:17). Deur sy goedheid oorlaai Hy ons dag na dag met sy liefde. Slegte dinge hoort egter volgens Jakobus op die rekening van almal wat aan God ongehooraam is. Oorlog, moord en verwoesting word deur diegene veroorsaak wat nie na God luister nie, glad nie deur Homself nie (Jak 4:1-3). Hierdie God, wat aan ons vryheid gee om te luister of nie, is ook die God wat onderweg is na ons toe om alles nuut te maak. Kom ons gehoorsaam Hom en leef voluit tot sy eer.

GEBED: Goeie Vader, dankie dat U onderweg is na ons toe

Skriflesing vir vanaand: Jakobus 4